



GEKOMBINEERDE MAANDELIKSE NUUSBRIEF: JULIE & AUGUSTUS 2021

Hierdie nuusbrieff word aan u gerig as lid van die Hoëveld Sindikasie Aksiegroep (“HSAG”) op grond van u belegging in die Highveld Sindikasiemaatskappye 15-22 en/of u ondersteuning van die HSAG.

Hierdie e-pos is vertroulik en uitsluitlik vir die geadresseerde bedoel. As u dit per ongeluk/verkeerdelik ontvang het, stel asseblief die versender onmiddellik in kennis by hsagenquiries@gmail.com en vernietig dit. U mag nie 'n e-pos, of enige deel daarvan, wat foutiewelik ontvang aan enigiemand anders stuur, kopieer of openbaar nie. HSAG se webmeester gebruik antivirusprogrammatuur om virusse en ander kwaadwillige kodes te voorkom. Hierdie sagteware kan egter nie so 'n kode altyd voorkom of uitwis nie. Die HSAG of sy verteenwoordigers sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies of skade wat voortspruit uit ontvangs of gebruik van hierdie e-pos of andersins, of dit voortspruit uit die nalatigheid van HSAG, sy lede, bestuurskomitee en agente of andersins nie.

Alhoewel e-posse, HSAG Nuusflitse en HSAG Inligtingsbrokkies van tyd tot tyd uitgestuur word, is die www.hsaction.co.za webtuiste die primêre plek waar u HSAG inligting, onderhewig aan die vrywaring daarin vervat (en ook hierop van toepassing) kan bekom.

Die verpligting rus op u as HSAG lid om ons op hoogte van enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede asook dat die inhoud van u maandelikse state korrek is.

HSAG AMPTELIKE NUUSBRIEF – INHOUDSOPGAWE

1.	INLEIDING.....	1
2.	KONTAK MET DIE SAAKBESTUURDERS EN HOFVERRIGTINGE	2
3.	HOFDATUM MET BETREKKING TOT DIE CCAF AANGELEENTHEID	3
4.	UITRUILING EN AFHANDELING VAN DIE DECA HS 15-20 (insluitend HS 21 en 22) DOKUMENTE	4
5.	HOOGSTE HOF SÊ: “GENOEG IS GENOEG!” VIR DIE ONDERMYNING VAN DIE REGSTELSEL	4
6.	'N HULDEBLIK AAN DIE OORLEDE HYMIE PINSHAW: VOORMALIGE APPLIKANT IN CCAF-SAAK.....	5
7.	R 500.00 KREDIET	6
8.	HANGENDE CCAF ALLOKASIES	7
9.	HOËVELDSINDIKASIE 21B	7
10.	BETALINGS IN VERKEERDE BANKREKENINGE	8
11.	WEES WAAKSAAM MET POTENSIËLE INTERNET-SWENDELARY	9
12.	VALKE	9
13.	DIREKTE TOEGANG TOT DIE KONSTITUSIONELE HOF	10
14.	ONLANGS IN DIE MEDIA: FOURWAYS WINKELSENTRUM-EIENAAR SKRYF EIENDOMME AF MET R660 miljoen	11
15.	BELANGRIK: GEBRUIK VAN KORREKTE E-POSADRESSE	14
16.	BELANGRIKE ALGEMENE TERME EN VOORWAARDES	15

1. INLEIDING

As die afgelope maand ons as Suid-Afrikaners iets geleer het, is dit dat ons saam sterker is. Die oproer en plundering in sommige dele van die land het vernietigende gevolge gehad vir die inwoners van Suid-Afrika. Ons het as 'n land soveel vooruitgang gemaak, en tog is daar bese magte wat probeer om die demokratiese beginsels, wat ons gebruik het om Suid-Afrika te herbou, te ondermyn. Te midde van al hierdie woede en misdaad het ons gesien hoe gemeenskappe saamstaan en hierdie wetteloosheid en anargie verwerp deur te weier om deel te neem aan die oproer en plundering, maar eerder die verwoesting op te ruim. Deur saam te staan sal ons die plaag van korrupsie en misdadigheid oorkom.

CCAF en die HSAG vereis en getuig van 'n soortgelyke benadering. Ons moet almal saamstaan om die ongeregtighede deur die skuldiges in die aangeleentheid te oorkom. Net soos die gemeenskappe in groot dele van KwaZulu-Natal en Gauteng gedoen het, moet ons die drang weerstaan om in ons oortuigings te twyfel, maar moet ons eerder standvastig bly terwyl ons teen onreg veg. Die HSAG Bestuur en regspan is daartoe verbind om u te verteenwoordig, en ons moet hulle ondersteun deur te verseker dat hulle oor voldoende ondersteuning en hulpmiddele beskik om die beste saak moontlik voor te berei.

Die HSAG Bestuur en regspan is ongelooflik dankbaar vir al die ondersteuning en betalings wat die afgelope maand in die CCAF-aangeleentheid ontvang is. Dit het die regspan en die bestuurskomitee se werk baie makliker gemaak, aangesien dit hulle by magte geplaas het om op die kern van die saak te fokus. Betalings by die HSAG is egter meer traag.

Ons hoop ook dat u en u gesinne veilig is ten spyte van die derde golf van die Covid-19 pandemie. Dit is belangrik dat ons onself as 'n gemeenskap waak en die regering se gesondheid- en veiligheidsriglyne volg ten einde die verdere verspreiding van die virus te voorkom.

Die derde golf het ook by die HSAG bestuur en regspan sy kloue ingeslaan en was verskeie van ons personeel en bestuur daardeur getref. Ons wens hulle almal spoedige beterskap toe en is dankbaar vir die wat reeds herstel het. Ons vra om verskoning en

versoek begrip indien ons dienslewering weens die ongewone omstandighede geraak word en dit nie altyd moontlik is om aan die gewone standarde te voldoen nie. Ons versoek beleggers om asseblief geduldig te wees in hierdie ongewone tye

2. KONTAK MET DIE SAAKBESTUURDERS EN HOFVERRIGTINGE

In beide die HSAG en CCAF is saakbestuurders aangestel. In beide sake was direkteur vanaf die saakbestuurders aangevra vir die voortsetting daarvan.

In die DECA saak het Regter Janse van Nieuwenhuizen as voorsittende beampte op 11 Augustus 2021 gelas dat die besigheidsreddingpraktisyn van Orthotouch en Zephan, Jacques du Toit, hofstukke voor of op 30 Augustus 2021 liasseer, nieteenstaande sy regsverteenvoerders se betoog dat hulle wag op 'n ander hofbeslissing oor die pad vorentoe. Mnr du Toit, moes al sy stukke reeds teen middel Julie beteken het. Gemelde Regter het die vergadering na 31 Augustus 2021 uitgestel om verdere direkteur te gee in verband met die proses (bv. ten opsigte van Mnr. Connie Myburgh, die eertydse direkteur van Orthotouch en direkteur van die mislukte Sharemax eiendomsbeleggings). Mnr Myburgh het verdediging aangeteken en nie, soos sommige ander respondente, by die hofuitspraak berus nie. Die enkele respondente wie nog nie hul stukke geliasseer het nie sal by die volgende saakbestuurvergadering gelas word om hul stukke te liasseer.

In die CCAF saak het die regspan en korrespondente kontak gemaak met die saakbestuurder, maar het nog nie terugvoer ontvang nie, behalwe dat Regter Potterill nie meer die Waarnemende Adjunk-Regterpresident van die Noord Gauteng Hooggeregshof is nie. Daar word verneem, dat sy tans by die Appèlhof waarneem. Ons korrespondente het ook skriftelike bevestiging versoek dat sy steeds die saakbestuurder van die saak is. Inaggenome voormelde egter, en indien sy betyds teruggekeer het na haar pos sal die hofverrigtinge voortgaan, alternatiewelik sal 'n ander saakbestuurder aangestel moet word.

Die Suid-Afrikaanse howe is daarbenewens eers sedert Maandag, 26 Julie 2021, weer uit Covid-19 Vlak 4, en kan meeste hofsake, nou weer vorentoe beweeg.

Die afgelope 18 maande was uitdagend en die howe is ongelukkig onder groot druk. Die regstelsel was wesentlik geaffekteer en alle normale sake, wat moes terugstaan in die normale loop van sake, kan nou eers aangehoor word.

Die druk op die howe is verder verhoog, omdat 'n enorme hoeveelheid sake, wat betrekking het tot Covid-19, aangehoor moes word. Daarbenewens het daar ook nou in Gauteng en KwaZulu-Natal sake geopen en spesiale ondersoeke geïnisieer as gevolg van die onlangse plundering en vandalisme ter waarde van R50 miljard in dié provinsies.

Ons kan egter die versekering aan al die HSAG lede en belanghebbendes gee dat, alhoewel ons sake ernstig benadeel en vertraag is, dit beslis nie ontspoor is nie en steeds voortgaan.

Die HSAG het deursettingsvermoë en veerkrachtigheid aan die dag gelê en is nog lank nie gestuit nie, nieteenstaande die moeilike omstandighede.

3. HOFDATUM MET BETREKKING TOT DIE CCAF AANGELEENTHEID

Die CCAF-aangeleentheid is 'n volwaardige gesertifiseerde hofsaak en ten volle geïntegreer by die regstelsel en howe. Dit word beskou as 'n 'normale' hofsaak, dus 'niedringend', en was uiteraard geaffekteer deur die gebeure hierbo genoem.

Ons het nog nie 'n hofdatum nie en moet die saakbestuurder ons nog antwoord rakende aanhoor van HS 21B interlokutêre aansoek. Ons vertrou dat Regter Potterill steeds aan boort sal bly en haar werksaamhede kan hervat sodra sy terug is.

Ons het versoek dat HS 21B se saak saam met die hoofsaak aangehoor word maar wil ons nie ons hand oorspeel nie. Die teenkant is desperaat dat dit voor die hoofsaak aangehoor word sodat hulle nog verder tyd kan mors. Selfs al word dit apart aangehoor, sal 'n positiewe uitslag vir die respondente, wat nie erken word nie, geen oorwinning vir hulle wees nie want daardie eisers sal steeds deel vorm van die hoofsaak.

4. UITRUILING EN AFHANDELING VAN DIE DECA HS 15-20 (insluitend HS 21 en 22) DOKUMENTE

Ongelukkig is die nie-uitruiling van die HS 15-22 DECA Hofstukke nog nie afgehandel nie, hoofsaaklik weens redes hierbo uitgesit.

DECA is ook 'n gewone saak wat op die voorgeskrewe manier hanteer moet word. Die aangeleentheid is heelwat vroeër in die proses en sal meer tyd in beslag neem.

Die Georgiou seuns is ook aktief deel van hierdie saak tesame met ander rolspelers, soos Connie Myburgh, 'n mededirekteur van Nic Georgiou en Hans Klopper by Orthotouch. Myburgh het aangedui dat hy deel van die verrigtinge wil wees en verdediging aangeteken. Hy het nie aangedui dat hy hom by die hof se uitspraak sal berus nie. Myburgh was betrokke by die mislukte Sharemax eiendomsindikasies.

Myburgh het voorheen geslaag om die Balju met betekening van die DECA hofstukke te ontkom, maar is intussen deur opsporings agente gevind, dit geopponeer en moet nou skriftelike verantwoording aan die Hooggeregshof in terme van die Hofreëls doen. Die saakbestuurder, Regter Janse van Nieuwenhuizen, het die saakbestuurvergadering uitgestel na Dinsdag 31 Augustus 2021 waar verdere direkteiewe gegee sal word.

Die HSAG voer die saak op 'n gestruktureerde basis en sal nie enige respondent 'n onregverdigde voordeel gee om weer te antwoord voordat alle respondente dit gedoen het nie, selfs indien dit langer mag neem. Ons wil egter 'n beroep op alle HSAG lede doen om hul kant ook finansiëel te bring want daarsonder kan die saak nie voortgaan nie. Die saak beloop etlike miljarde rande. Tans is daar 'n groot hoeveelheid HSAG lede wat op die spreekwoordelike rug van getroue lede ry.

Ons het begrip vir die finansiële uitdagings wat almal in die gesig staar maar is dit, veral gedurende die tweede helfte van die jaar, die getroue ledebydraes wat die wa deur die drif trek. Hou aan om ons te ondersteun, elke bydrae help.

5. HOOGSTE HOF SÊ: “GENOEG IS GENOEG!” VIR DIE ONDERMYNING VAN DIE REGSTELSEL

Soos die meeste van u weet, het die kontroversie rondom oud-president Jacob Zuma en die misbruik van die regstelsel weer sy lelike kop uitgesteek.

In 'n artikel van *IOL*, sit professor Itumeleng Mosala, sekretaris van die Zondo-kommissie, die voortdurende ondermyning van die hofprosesse deur individue (en spesifiek oud President Jacob Zuma) uiteen. Zuma het byvoorbeeld 'n dringende aansoek by die Hooggeregshof in Pietermaritzburg gedoen om Minister Bheki Cele, minister van polisie, en die polisie te keer om hom in hegtenis te neem, terwyl hy geweet het dat dit die jurisdiksie van die Hooggeregshof oorskry. Verder het Zuma “persistently and belligerently” geweier om die hofprosesse te erken en daaraan deel te neem. Dit het gelei tot die bevel van minagting van die hof en oplegging gevangenisstraf deur die Konstitusionele hof. Zuma het ook openbare uitsprake gemaak wat die oppergesag van die reg ondermyn het en het ook ander aangemoedig om dieselfde te doen.

Vergelykings tussen Zuma en van die respondente in die HSAG sake word lank reeds getrek en sekerlik met goeie rede. Mnr. Nic Georgiou het ook die hofreëls en proses misbruik en voortdurend die sogenoemde “vorm” bo “inhoud” bevorder. Dit beteken dat hy verkies het om te litigeer deur knaend behep te wees oor klein prosedurele en tegniese punte eerder as om te fokus op die kern regspunte wat ter sprake is, met ander woorde die meriete van die saak. Georgiou het besef dat hy nie 'n goeie regsposisie het nie en probeer dus om weg te bly van enige argumente op die meriete. Die regspan glo dat dit 'n goeie aanduiding is vir die verloop van sodanige litigasie. Slegs tyd sal vir ons leer wat die uitkoms hiervan sal wees.

6. 'N HULDEBLYK AAN DIE OORLEDE HYMIE PINSHAW: VOORMALIGE APPLIKANT IN CCAF-SAAK.

Geskryf deur mede-applikant in CCAF: Lea Magdalena Meyer

“Sowat ses of sewe jaar gelede het ek die voorreg gehad om Hymie te ontmoet nadat ek gesien het dat hy ook een van die CCAF-applikante was, en ek het hom dadelik telefonies gekontak. Ek was so dankbaar dat daar iemand in Bloemfontein was met wie ek sou kon gesels, advies kon kry en CCAF-geldsake mee kon bespreek.

Hymie was 'n baie slim en belese man en het nooit gehuiwer om sy mening en advies te gee nie.

Geliefde Hymie het my die afgelope jaar byna elke dag gebel. Hy het nuus met my gedeel en familiesake bespreek. Hy het 'n pragtige humorsin gehad en kon maklik vir homself lag. Hy het homself met trots 'n 'Boerejood' genoem. Ons kon en het baie oor ons beleggings- en HSAG-sake gepraat. Sy toewyding, opregtheid en sin vir regverdigheid, sy medelye met sy medemens en vriendskap het my lewe verryk.

Op 2 Junie het Hymie gebel om my te vertel dat hy die vorige dag vir die COVID-19-inenting gegaan het. Hy het genoem dat hy weens die griepsimptome nie baie goed gevoel het nie.

Twee weke daarna het ek probeer om hom twee tot drie keer per dag te kontak, maar tevergeefs. Gelukkig het Hymie 'n dame by sy bank genoem, en ek het haar gaan sien om uit te vind of sy iets van Hymie weet of gehoor het.

Dit was met groot skok dat ek moes uitvind dat Hymie op 16 Junie oorlede is.

Nou is sy stem stil, hy laat 'n leemte ... wat 'n voorreg om hom te kon ken.”

7. R 500.00 KREDIET

Dit wil voorkom asof daar lede is wat nog nie weet of hulle in aanmerking kan kom vir die aansoek om krediet van R 500.00 nie. Die krediet is **uitsluitlik vir HSAG-lede** wat op **30 April 2021** in die **HSAG-klasaksie opbetaal was** (hierdie lede moet **ook deel wees van CCAF**). As u wel kwalifiseer en u wil aansoek doen vir die krediet van R 500.00 vir die HSAG-rekwisisie van 2022, stuur dit asseblief skriftelik **voor/op 31 Augustus 2021** na die volgende e-posadres: hsactiongroup@gmail.com

As u wel kwalifiseer en u aansoek ontvang en bevestig is, sal die **HSAG-krediet** van R 500.00 so gou as moontlik opgelaaai word. Die krediete word deurlopend opgelaaai en moet u asseblief geduld aan die dag lê totdat u krediete gelaai is. Ongelukkig kan die afsnydatum nie verleng word nie.

8. HANGENDE CCAF ALLOKASIES

Sommige HSAG lede het 'n e-pos ontvang wat 'n boodskap bevat oor 'n verkeerde inbetaling in Trustrekening nommer 3 in plaas van Trustrekening nommer 2, of andersom. Die oorgrote meerderheid van hierdie sake is lede wat verkeerdelik 'n gedeelte (of 'n geheel) van hul CCAF opvraging in Trustrekening nommer 2 (wat **UITSLUITELIK vir die HSAG** is) in betaal het. Dit het daartoe gelei dat lede se HSAG state foutiewelik in “krediet” is.

Dit is natuurlik nie die bedoeling van die meerderheid lede nie, en ons sal hierdie krediet dienooreenkomstig deur middel van 'n afwagtingsrekening aan CCAF (d.w.s Trustrekening nommer 3) oorplaas, tensy uitdruklike skriftelike instruksie ontvang word om die oorplasing na CCAF te weerhou en in die HSAG rekening te hou. Ons sal dus die krediet na die afwagtingsrekening oorplaas waar dit vir 'n tydperk gehou sal word. As ons teen einde September 2021 nie van u sodanige skriftelike instruksies ontvang het nie het nie, sal die krediet oorgedra word van die HSAG rekening na die CCAF rekening.

Indien u nie 'n e-pos van die regspan of bestuurskomitee ontvang het nie, hoef u nie oor hierdie afdeling van die nuusbrieff bekommerd te wees nie, tensy daar by u 'n redelike vermoede bestaan dat gemelde allokasie gedoen moet word.

9. HOËVELDSINDIKASIE 21B

Die regspan en die bestuurskomitee ontvang steeds navrae oor die samestelling en belangrikheid van HS 21B.

Ons wil weereens herhaal dat HS 21B-beleggers, beleggers is wat 'oorverkoopte' aandele vanaf Georgiou se Zephan Properties (Edms.) Bpk. ('Zephan') in HS 21 of HS 22 gekoop het, waar hierdie aandele aanvanklik nie aangebied is aan lede van die publiek nie. Daarna is daar voorgegee dat die aandele oorgeneem was deur Zephan.

Georgiou se Reël 30(1) aansoek in CCAF handel oor HS 21B, maar dit is relevant vir alle lede van CCAF, aangesien die regspan vaseslote is (soos die HS 21B beleggers) om hierdie saak tesame met die hoofaansoek te laat aanhoor. Ons sal u mettertyd hieroor op

hoogte hou en sodra sodanige inligting tot ons beskikking is. Dit staan soos 'n paal bo water dat die respondente sonder uitsondering voorheen vir HS 21B as deel beskou het van die Highveld Maatskappye.

Alhoewel HS 21B-lede nog altyd geag was om deel te wees van die gesertifiseerde klas-aksie, is hierdie lede, nadat Georgiou en ander dit nou in geskil geplaas het, bewus gemaak daarvan dat Georgiou aansoek gebring het om hul uit te sluit van die gesertifiseerde klas aksie. Soos in alle hofsake is daar 'n risiko, maar is die regsplan en advokatuur nie oortuig met die respondente se bona fides nie en vertrou dus dat die hof HS 21B-lede as deel van gesertifiseerde klas-aksie sal hou. Ons sal ook met die verloop van tyd vir u laat weet wat die resultaat sal wees.

10. BETALINGS IN VERKEERDE BANKREKENINGE

Ons wil graag 'n belangrike aspek uit die nuusbrieff van Junie herhaal:

Verkeerde inbetalings in verkeerde rekeninge skep nie alleen 'n administratiewe nagmerrie nie, maar is dit ook 'n vermorsing van onnodige tyd en geld. Analoog hieraan, as 'n belegger bv. 'n HSAG Standard Bank-rekening wil open, moet hy na Standard Bank toe gaan. Dit is onmoontlik om 'n HSAG Standard Bank-rekening te open deur na Capitec Bank te gaan. Capitec Bank kan slegs HSAG Capitec-rekeninge open en Standard Bank kan slegs HSAG Standard Bank-rekeninge open. Net so het HSAG en CCAF twee afsonderlike bankrekeninge. Die Hooggeregshof het bepaal dat die CCAF fondse in 'n aparte bankrekening inbetaal word en was deur middel van die sertifikasie bepaal dat die CCAF saak op sy eie bene moet staan. As sodanig is dit nodig om 'n aparte CCAF opvraging te doen vir die bevordering van daardie Hooggeregshof saak. Die HSAG Rekening nr. 2, is totaal heeltemal apart van Rekening nr. 3, die CCAF Rekening. Dit is in die verlede al verskeie kere uiteengesit en beleggers word daaraan herinner dat hulle moet noukeurig let op watter e-posadresse navrae en bewys van betalings gestuur moet word. As u onseker is, raadpleeg asseblief die nuusbriewe, spesifiek die punt met die titel **BELANGRIK: GEBRUIK VAN KORREKTE E-POSADRES.**

CCAF bewyse van inbetalings moet aan accounts@ccaf.co.za gestuur word en alle betalings moet soos per die staat aan Theron & Partners **Trust 3** betaal word. CCAF-navrae moet gestuur word aan enquiries@ccaf.co.za. Let asseblief op u verwysing, nl. bv. ASmith2122CCAF (VoorlettersVanSindikasies/CCAF)

HSAG bewyse van inbetalings moet aan hsactiongroup@gmail.com gestuur word en alle betalings moet soos per die staat aan Theron & Partners **Trust 2** betaal word. HSAG-navrae moet aan hsagenquiries@gmail.com gestuur word. Let asseblief op u verwysing, nl. bv. ABC SMITH, HS18,20,21 (Voorletters, Van, HS – Sindikase nommers)

Geliewe u state noukeurig te bestudeer ten einde te verseker dat die bedrae en spesifikasies van elke opvraging korrek reflekteer. Maak ook seker dat u onlangse betalings in die regte bankrekening gedoen is.

Ons verstaan dat ons dalk vir die spreekwoordelike “bekeerdes preek”, maar is dit die enigste wyse waarop die woord versprei word. As ons as lede nie daartoe kan verbind om hierdie klein dingetjies korrek te doen nie, sal ons 'n onnodige administratiewe en finansiële las op die regspan plaas. Dit is wel so dat 'n groot aantal van lede dit reg doen, en ons bedank u daarvoor.

11. WEES WAAKSAAM MET POTENSIËLE INTERNET-SWENDELARY

Gelukkig blyk dit nie 'n algemene probleem te wees nie, maar ons moet dit weer noem dat lede wat verdagte e-posse ontvang het (gewoonlik gekenmerk deur baie spel- en grammatiese foute) sulke boodskappe aan die bestuurskomitee of regspan moet rapporteer deur gebruik te maak van hsagwhistle@gmail.com.

12. VALKE

Na afloop van die berig in verlede maand se nuusbrieff aangaande die Valke, word daar verneem dat 'n versoek aan alle betrokke Akteskantore gestuur is om 'n volledige geskiedenis te bekom van alle betrokke geboue. Alle Pickvest berigte van *Moneyweb* is aan die ondersoekbeampte, 'n senior polisiebeampte met 'n kolonel rang, voorsien. Hierdie berigte en die vorige dossier is verwys na die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG).

Daar moet gekonsentreer word op die geboue en verkoop daarvan. Die NVG sal moet besluit waarop om te fokus en waarvoor die betrokke partye moontlik kan aangekla word.

Die Staatsadvokaat wat die aangeleentheid voorheen hanteer het, is ongelukkig gedurende Desember 2020 oorlede aan COVID 19. Die HSAG se innige medelye aan sy familie en kollegas. Ongelukkig moet daar van vooraf iemand aangestel word wat weer die feite moet bestudeer, maar gelukkig is die feite en rekord uiteengesit. Soos en wanneer dinge gebeur sal u deurlopend op hoogte gehou word.

13. DIREKTE TOEGANG TOT DIE KONSTITUSIONELE HOF

Met die onlangse hofsaak waarby oud president Jacob Zuma in die Konstitusionele hof (die hoogste hof in Suid-Afrika) betrokke was; is sekere beleggers dalk nuuskierig waarom die HSAG nie direk na die Konstitusionele hof gaan nie.

Gewoonlik bereik sake die Konstitusionele hof as appèlhof uit sake wat in die hooggeregshof begin en op appèl geneem word. Die regters van die Konstitusionele hof sal besluit of 'n belangrike regsbeginsel met betrekking tot die interpretasie van die Grondwet geopper is en sal oorweeg of daar 'n redelike vooruitsig bestaan dat die appèl kan slaag, maar daar is geen outomatiese reg tot appèl nie.

Wat direkte toegang tot die Konstitusionele hof betref, laat artikel 167 van die Grondwet van Suid-Afrika 'n persoon (of 'n klas) toe om die Konstitusionele hof direk te nader of direk daarheen te appelleer "op die gronde dat die aangeleentheid 'n debatteerbare regspunt van algemene openbare belang na vore bring wat deur daardie Hof oorweeg behoort te word'. Hierdie prosedure word slegs in buitengewone omstandighede toegelaat.

In die saak van *Dudley v City of Cape Town and Another* (CCT 5/04) behandel die Konstitusionele hof die punt van direkte toegang. Die Konstitusionele hof is 'n appèlhof, wat beteken dat hy gewoonlik slegs appèlle van laer howe aanhoor. Dit is ook die hoogste hof in Suid-Afrika – sodra dit 'n beslissing gemaak het, is dit die einde van die pad. Dit is dus riskant dat die hoogste hof die eerste en die laaste hof is omdat dit nie die voordeel van ander regters se opinies geniet nie. Dit is een van die redes waarom, hoewel direkte

toegang toegelaat word, dit slegs in hoogs uitsonderlike omstandighede toegelaat sal word.

Tensy die saak iets behels wat binne die uitsluitlike jurisdiksie van die Konstitusionele hof val, is die toets wat in die hof se reëls gestel word vir wanneer direkte toegang verleen sal word, "die belang van geregtigheid".

Oor die jare het die Konstitusionele hof in die praktyk die konsep duideliker gemaak. Die hof sal vra of iemand alle ander beskikbare regsweë uitgeput het, hoe dringend en belangrik die aangeleentheid is, of daar feitelike geskille sal wees (wat dikwels vereis dat getuienis gelei moet word en appèlhowe is nie daarvoor ingerig nie), die tyd en koste daaraan verbonde, en of die aangeleentheid 'n goeie vooruitsig op sukses het.

Wat belangriker is om op te let, is dat die besluit van geval tot geval geneem word en dat alle faktore opgeweeg moet word. Die toets kan onvoorspelbaar wees, wat dit moeilik en duur maak vir 'n party om te weet of hulle sal slaag. Indien onsuksesvol, kan die verloorder hom met 'n lelike regsrekening opgesaal vind.

Die HSAG het by 'n befaamde regsgeleerde regsadvies ingewin oor die moontlikheid van direkte toegang tot die Konstitusionele hof en is meegedeel dat die HSAG weens die aard van direkte toegang en die faktore wat in aanmerking geneem word, waarskynlik nie sal slaag daarin om ons aangeleentheid direk na die Konstitusionele hof te neem nie. Dit is te wyte aan die feit dat die HSAG dan nie alle ander weë uitgeput het nie, en dat die saak nog nie in 'n ander hof beslis is op die meriete nie. Daar is nog nie oor die feitelike geskille gelitigeer nie, en die Konstitusionele hof, as appèlhof, is nie gevorm om feitelike geskille as 'n hof van eerste instansie aan te hoor nie. Ons kan dus aflei dat dit nie 'n moontlike weg vir die HSAG- of CCAF klas-aksies is nie.

14. ONLANGS IN DIE MEDIA: FOURWAYS WINKELSENTRUM-EIENAAR SKRYF EIENDOMME AF MET R660 miljoen

'n Finansiële joernalis van Moneyweb het onlangs dié artikel gepubliseer. Soos in vorige nuusbriewe gaan ons voort om 'n vry-vertaalde en verkorte weergawe van die artikel te gee om sodoende verslag te gee aan beleggers wat nie Engelsmagtig

is nie. Ons wil u graag uitnoui om die amptelike artikel in Engels te lees op die Moneyweb webtuiste. 'n Skakel na die oorspronklike artikel volg onder hierdie vertaalde weergawe.

Die huurverligting van Covid-19 van meer as R180m in die jaar tot einde Maart het bedryfsinkomste aansienlik geknou.

Klein kapitalisasie-eiendomsbeleggingstrust (Reit) Accelerate Property Fund het die jongste entiteit geword om nie 'n volle jaar-dividend te betaal nie, dit is weens die beduidende druk wat die pandemie op huurinkomste het en 'n afskrywing van R660 miljoen op sy beleggingseiendomme.

Accelerate, wat 'n belang van 50% in Fourways Winkelsentrum en die bakeneiendom, Portside Tower-kantoorgebou in Kaapstad, besit het nie 'n uitkeerbare inkomste vir die jaar geëindig 31 Maart 2021 gerapporteer nie.

Die ander 50% -belang in Fourways Winkelsentrum word effektief deur die Georgiou-familie besit. Michael Georgiou, uitvoerende hoof van Accelerate, is egter genoteer as 'n groot aandeelhouer in die JSE-genoteerde fonds.

Accelerate se nuutste afskrywing van R660 miljoen bring die totale devaluasie van sy eiendomsportefeulje op R1,66 miljard, oor die afgelope twee boekjare, te staan (2020 Finansiële Jaar 2020: net meer as R1 miljard).

Die groep se aandeelprys het byna 3% verswak en het Woensdag op die JSE op R0.56 per aandeel gesluit en die fonds was dus as net minder as R670 miljoen gewaardeer.

Die besluit van Accelerate om uitkerings terug te hou, is daarop gemik om die verswakkende balansstaat te versterk in die lig van die finansiële gevolge van Covid-19.

Die besluit om nie dividende te verklaar nie, wat verwag is, kom as gevolg daarvan dat die fonds gedurende die boekjaar R182.5 miljoen in huurgeldverligting verleen het aan huurders wat die meeste geraak is deur die inperkingsmaatreëls as gevolg van die pandemie.

Hierdie knou aan die huurinkomste, tesame met die feit dat vakante eiendomme tot 15% gestyg het, het die waarde van die eiendom beïnvloed. Die toename in vakatures (van

10% tot 15%) sluit egter die vakatures onder 'n “head lease” -struktuur vir Fourways Winkelsentrum uit.

Die groep het nietemin dit uitgewys dat die “head lease” in Fourways Winkelsentrum verminder is van ongeveer 22 000m² tot 15 000m² en dat sy totale portefeulje-vakature ná die jaareinde tot 14% verminder het.

Reits met stedelike mega-winkelsentrums in die land - soos Liberty Two Degrees, Hyprop en Attacq - is veral sleg geraak deur devaluasies van eiendom. Hierdie groepe het egter relatief laer vakatures in groot winkelsentrums soos Sandton City, Canal Walk en Mall of Africa.

Ondanks die verkoop van eiendomme gedurende FJ2021, het Accelerate se lening-tot-waarde (LTV) of hefboomvlak verswak.

"Fair-value adjustments include the R660 million write-down in investment properties as a result of Covid-19 impacts, as well as a positive mark-to-market revaluation on swaps of R63 million," het die groep in 'n mediaverklaring onthul.

“This increased LTV from 46% to 48.5% in the year under review is due to additional valuation write downs counteracting the effects of property sales, whilst the interest cover ratio remained stable at 2 times” het hulle bygevoeg.

Accelerate het dit uitgewys dat die inkomste vir die jaar van rapportering van R1,09 miljard tot R742.7 miljoen verminder het, hoofsaaklik as gevolg van Covid-19-huurbystand en 'n negatiewe regstreekse huuraanpassing van R 78 miljoen.

"The financial year ended 31 March 2021 has no doubt been one of the most challenging in Accelerate’s history as a listed company," het Georgiou in 'n persverklaring gesê.

“Notwithstanding the structural shifts within the sector and Covid-related headwinds, we have used this time to stabilise the fund and are busy positioning it for growth as the economy starts to recover ... Considering the third wave we are currently operating under, this recovery will largely depend on effective vaccine rollouts” het hy bygevoeg.

Die groep het egter opgemerk dat hy "nog 'n moeilike twaalf maande" verwag in ag genome die derde Covid-golf, stadige ontplooiing van die entstof en voortgesette verbruikersdruk.

"For us to achieve our goals, we have to execute in two areas, namely the selling of non-core assets and secondly, the unlocking of additional income and value on existing assets," het Andrew Costa, bedryfshoof van Accelerate, gesê.

"In 2018, we embarked on our balance sheet strengthening exercise in anticipation of payments we would have to make for the equalisation of ownership at the redeveloped Fourways Mall. Since then, we have successfully disposed of R1.3 billion worth of assets," het hy uitgewys.

"In 2020 we completed disposals worth R188 million with approximately R200 million in disposals currently awaiting transfer, whilst R759 million of non-core assets remain in our disposal pipeline."

Hierdie is 'n vry-vertaalde en verkorte weergawe van die oorspronklike artikel, en die akkuraatheid van die vertaling word nie gewaarborg nie. Die oorspronklike artikel is geskryf deur Moneyweb. Hierdie artikel is gepubliseer op 1 Julie 2021 en die amptelike weergawe is beskikbaar by:
<https://www.moneyweb.co.za/news/companies-and-deals/fourways-mall-joint-owner-writes-down-properties-by-r660m/>.

15. BELANGRIK: GEBRUIK VAN KORREKTE E-POSADRESSE

Die korrekte gebruik van e-posadresse (soos vervat op ons webtuiste en e-posse) asook HSAG-lede se voorletters en van, sindikasiennommers en verwysingsnummers (bv. identiteitsnommer ens.) vir alle kommunikasie, is uiters noodsaaklik en verpligtend. Versuiming om hieraan te voldoen kan die gevolg hê van onnodige vertraging of dat u geen antwoord sal ontvang nie.

Die amptelike en bestaande e-posadresse vir die HSAG, is as volg:

- **hsactiongroup@gmail.com** vir alle Algemene Navrae (Byvoorbeeld – selfoon of adres veranderinge, betalingsbewyse, kennis van lede wie gesterf het, ensovoorts);
- **hsagenquiries@gmail.com** vir Spesifieke Navrae (Byvoorbeeld – navrae rakende besonderhede van 'n spesifieke belegger, navrae rakende kwytstelling van 'n spesifieke belegger, ensovoorts);
- **hsagregister@gmail.com** vir die Registrasie en Deregistrasie van HSAG- lede;
- **hsagwhistle@gmail.com** vir alle Vertroulike Inligting wat anoniem aan ons gestuur moet word;
- **hsagstates@gmail.com** vir alle Boedel navrae.

Die amptelike en bestaande e-posadres vir CCAF (gesertifiseerde HS 21 & 22 klas-aksie), is as volg:

- accounts@ccaf.co.za vir betalingsbewyse
- admin@ccaf.co.za vir die amptelike versoek vir afbetaling-vorm
- enquiries@ccaf.co.za vir ander CCAF navrae

Indien 'n belegger of enige persoon 'n e-pos na die verkeerde adres sou stuur sal dit daartoe lei dat daardie e-pos nie spoedig of enigsins die nodige aandag geniet nie. Indien u nie verder enige verdere e-posse wil ontvang nie, stel ons ook asseblief skriftelik in kennis daarvan.

16. BELANGRIKE ALGEMENE TERME EN VOORWAARDES

Die algemene en herhalende terme, voorwaardes en ander algemene inligting wat voorheen in die Nuusbrief vervat was, word nou beskikbaar gestel op die HSAG se webtuiste by www.hsaction.co.za en kan direk besigtig word by die volgende skakel: <http://hsaction.co.za/wp-content/uploads/2020/01/HSAGTsCs.pdf>

Die HSAG Bestuur wil iedere en elke lid alle voorspoed en sukses toewens met die afsienbare toekoms.

Vriendelike groete

HSAG-Bestuurskomitee

Kontak die HSAG en prokureurs by:

Tel: (021) 887 7877

hsactiongroup@gmail.com